

Redakteursnotas

Groot oorwinnings, maar ons stryd gaan voort

“NADAT jy teen ’n groot heuwel uitgeklim het, vind jy net dat daar baie meer heuwels is om te klim.”

Dit is een van die vele aanhalings van Nelson Rolihlahla Mandela. Die groot heuwel verteenwoordig die bevrydingstryd wat met die oorwinning oor apartheid tot ’n einde gekom het. Die ander heuwels verteenwoordig die vele uitdagings wat ons steeds as ’n nasie het.

Vir ons in die kleinskaalvisvangsektor is ons grootste prestasie die aanvaarding van die kleinskaalvisvangbeleid (SSF) wat ons ná ’n lang stryd aanvaar gekry het. Ons uitdagings hou verband met die implementering van die beleid.

Die implementeringsproses verloop baie stadig, en ons ondervind heelwat struikelblokke onderweg. Vissers het reeds swakhede geïdentifiseer in die prosesserakende die registrasie en verifikasie van kleinskaalvissers.

Die toekenning van voldoende vismandjies het ’n enorme twispunt geword. Soos sake tans staan, word die kleinskaalsektor uiters onregverdig behandel.

In hierdie uitgawe van *Vissersnet*, die mondstuk van Masifundise en Coastal Links Suid-Afrika (CLSA), skryf ons oor dié kwessies. Coastal Links verteenwoordig sowat 4 000 vissers in 90 gemeenskappe aan die kus.

Ons het ook artikels oor koöperatiewe, ons skuif na binnelandse visvangs en vissers se stryd om toegang tot die see. Die stemme van baie vissers uit KZN en die Wes-, Oos- en Noord-Kaap word op hierdie bladsye gehoor.

Ons fokus bly steeds op die implementeringsproses. Die boodskap in ons jongste uitgawe bly steeds waar:

“Om enige betekenis te kan gee aan die jarelange stryd, moet die beleid in die praktyk uitgevoer en ’n realiteit word in die lewens van vissersgemeenskappe. Die beleid gee vir die eerste keer aan vissers formele erkenning en bied ’n geleentheid vir ’n skuif van knegskap en afhanklikheid na selfvoorsiening en bemagtiging.”



Netvissers, een van die groep van Vissers wat negatief ge-afekteer word deur die onlangse toekenning van visvangregte

Visvangtoekennings moet opgeskort word!

MASIFUNDISE en Coastal Links South Africa het vanjaar die visvangtoekennings beskryf as onregverdig, strydig met die wet en grootliks nadelig vir kleinskaalvissers.

Byna al die lynvis- en netvis-toekennings het gegaan aan die kommersiële sektor, en dit lyk asof hierdie patroon herhaal sal word wanneer regte vir Weskus-seekreef (WCRL) toegestaan gaan word.

Dit het onder die aandag gekom van die sektor dat WCRL-regte toegeken gaan word aan die kommersiële en ontspanningssektor, en vir Interim Relief.

Die Interim Relief-(IR) stelsel is gediskrediteer en het groot verdeeldheid in gemeenskappe veroorsaak.

Vissersorganisasies het gevra dat dit beëindig word en vervang word met die Kleinskaalvisvangbeleid. Die uitstel van die IR is onwettig, volgens die visvangleiers. Om die waarheid te sê, die hele toekenningsproses is strydig met die Gewysigde Wet op Lewende Mariene Hulpbronne (MLRA) en die Kleinskaalvisvangbeleid.

Teen druktyd was lede van Coastal Links en

Masifundise besig om te beraadslaag oor wat hulle omtrent hierdie onregte gaan doen.

Opsies het die volgende ingesluit;

- Massa-aksie regoor die land
- Toevlug neem tot die regstelsel
- Pleit vir die opheffing van kommersiële regte

In die 2015/16 Visvangregte Toekenningsproses (FRAP) is die oorweldigende meerderheid van die 455 lynvisregte wat die Totale Toelaatbare Vangs (*Total Allowable Effort; TAE*) uitmaak, toegeken aan die kommersiële sektor, wat minder as 28 regte vir die kleinskaalvisvangsektor op nasionale vlak gelaat het.

Die situasie met netvisvang-toekennings is selfs slegter. Behalwe vir 52 regte (45 kieunette en 7 treknette) is al die netvisregte aan die kommersiële sektor toegeken.

Vir die eerste keer gee die Gewysigde Wet op Lewende Mariene Hulpbronne van 2014 wetlike erkenning aan die kleinskaalvisvangsektor.

vervolg op bladsy 3

Stemme van die Kus af:



Isaak Philander



Mpendulo Smamane



Christine Kopana



Clarence Oliphant

VISSERS laat hulle stemme hoor oor die langsame implementering van die Kleinskaalvisvangbeleid (SSFP) en die toekenning van visvangregte en die implementering van die visvangprojek by die Vanderkloofdam.

Isaak Philander van Laaiplek in die Wes-Kaap

“Ek is nie tevrede met die toekenning van visvangregte wat onsekerheid onder vissers veroorsaak nie. DAFF weet nie hoeveel vis daar in die see is nie, so hulle moet die vissers vra. Ons het netvissers wat op ’n vrystellingsbasis werk en lynvissers wat deel is van Interim Relief (IR). Nou is ons nie seker of die vrystelling en die IR-permitte weer uitgereik gaan word nie.

Mpendulo Smamane, KwaNzimakwe

“Ek sou verwag dat die departement ons al die spesies sal gee wat op ons kuslyne beskikbaar is, maar ek is seker dit sal nie gebeur nie. Die tweede beste wat ons kan verwag, is dat die departement vir ons genoeg regte gaan gee sodat ons onself kan onderhou. Die ding is, hierdie hele proses is verwarrend en ons gemeenskappe was nie volledig betrokke nie, dus weet ons nie wat om te verwag nie. Ek hoop dat regte dienooreenkomstig toegeken sal word en vir die vissers geregtigheid sal bring.”

Christine Kopana, Oos-Kaap

“Ten eerste verwag ek dat die toekenning van regte regverdig moet wees, veral wanneer jy dink aan die baie jare wat ons die reg geweier is om die vis wat ons gevang het, te verkoop. Die departement moet regtig kyk na wat in ons see beskikbaar is en wat ons nog altyd gevang het en vir ons presies dieselfde gee.”

Clarence Oliphant Keurtjieskloof Noord-Kaap

“Die eerste fase van die visvangprojek gaan binnekort begin, en ek is optimisties daaroor. Ek voel regtig dat die gemeenskap nou sal ontwikkel. Werkloosheid is ’n groot probleem onder ons, en met die visvangprojek kan mense nou begin geld verdien om die dinge wat hulle nodig het, te kan koop.”

EEN OP EEN

Nombuso Sithole van KwaNzimakwe in KwaZulu-Natal

V Watter soort gemeenskap is KwaNzimakwe?

A My gemeenskap is ’n groot en heuwelagtige plek. Ons kyk uit op die see maar die snelweg skei ons. Sommige van die mense wat hier woon is uit hul oorspronklike plekke, wat reg langs die see was, hiernatoe verskuif.

Mense doen ’n mengsel van aktiwiteite om te kan oorleef. Sommige mense vang vis, terwyl ander in die dorp, by winkelsentrums, ens. werk. KwaNzimakwe is op die suidkus van KZN, naby Margate.

V Hoe oud is jy en wat doen jy vir ’n lewe?

A Ek is 24. Behalwe dat ek van tyd tot tyd uitgaan op die see, doen ek hare and kralewerk. Ek verkoop nie my kralewerk nie, want mense betaal nie. Maar in die feestyd verkoop ek van my werk aan toeriste.

V Wanneer het jy by Coastal Links aangesluit?

A Ek het in 2013 aangesluit. Vissers in ons gemeenskap is toe gewerf deur Masifundise Ontwikkelingstrust KZN se veldwerker, Sam Masinga.

V Wat is jou gunsteling kos en na watter soort musiek luister jy?

A Ek hou van stampmielies sonder bone en ek sê nooit nee vir macaroni en kaas nie. Musiek? Ek luister graag na R&B en my gunsteling kunstenaar is Brandy.

V Hoe groot is jou gesin?

A Ons is ’n gesin van 5, een broer en vier susters. Ek is die jongste.



V Waarop hoop jy vir die toekoms?

A Daar is baie goed waarop ek hoop. Ek wil eers my matriek klaarmaak en dan Ingenieurswese gaan studeer.

V Wat hoop jy vir jou gemeenskap?

A Vir die lyding om op te hou. Ons het baie kinders wat behoeftig is en families wat op een inkomste staatmaak en ander net op visvang. Ek hoop dat ek een van die mense kan wees om my gemeenskap te help om uit hierdie net van armoede te ontsnap.

V Enige boodskap vir CLSA-lede?

A Ons moet saamstaan. Ons moet maniere vind om ’n lewe te maak en ons regte te verkry. Verally vir die KZN-gemeenskappe. Ons het nog geen regte nie, en ek glo as ons saamwerk, is enigiets moontlik. Ek sal elke lid van CLSA aanmoedig om sterk te bly sodat ons vir ons regte kan baklei.

Leiers optimisties oor Langebaan-hofsaak

SOLENE Smith, voorsitter van Coastal Links Suid-Afrika in Langebaan is optimisties en positief oor hul hofsaak teen die Departement van Omgewingsake (*Dept of Environmental Affairs; DEA*), die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (*Dept of Agriculture, Forestry and Fisheries; DAFF*) en SANParks in die Kaapse Hooggereshof.

Haar optimisme, sê sy, spruit uit die wyse waarop hulle prokureurs hulle saak voorgelê het, en hoe die staat sy saak op Junie 7, 2016 voorgelê het.

Die Langebaan-vissersgemeenskap het in Augustus 2013 hulle saak in die Hoë Hof ingedien, en is uiteindelik, na talle mislukte pogings, op 7 Junie aangehoor.

Die Langebaan-vissers vra die hof om hulle reg op 'n volhoubare bestaan, wat van hulle weggeneem is toe hulle verbied is om in Sone B in die Langebaanmeer, 'n Mariene Beskermde Gebied (*Marine Protected Area; MPA*), vis te vang, weer in te stel.

"Ons prokureurs van die Sentrum vir Regshulpbronne (*Legal Resources Centre; LRC*) het hulle goed van hulle taak gekwyt," het Smith gesê.

"Die regering se prokureurs het byvoorbeeld vir die hof gesê dat die blanke kommersiële vissers toegelaat word om in Sone B vis te vang om vir hulle petrolgeld te spaar," het Smith gesê.

Sy het gesê hulle prokureurs het ernstig beswaar gemaak teen hierdie argument en van die navorsing wat hulle aan die hof voorgelê het.

Die Langebaan-vissers het besluit om die regering en SANParks hof toe te neem nadat hulle verbied is om in Sone B vis te vang.

Histories gesien het die Langebaan-vissers reeds baie jare lank in die Langebaanmeer visgevang. Dit het tot 'n einde gekom toe Langebaan 'n toeristebestemming geword het, en Langebaan in drie sones, Sone A, B en C, verdeel is.

Sone A is vir die vakansiegangers, die vissers het Sone B gebruik, en Sone C is tot 'n geen visvang-area verklaar. Daarna is Sone B ook gesluit vir visvang, wat die vissers gedwing het om slegs in Sone A vis te vang.

Die vakansiegangers het in Sone A in hulle pad gekom, en hulle is gedwing om snags vis te vang.

In die tussentyd is drie blanke vissers toegelaat om in Sone B vis te vang.

Langebaan-vissers het wel toestemming gekry om gedurende sekere tye in Sone B vis te vang, maar dit is weggeneem. Dit het die vissers aangespoor om die saak aan te meld.

Norton Dowries, 'n Langebaan-visser, het gesê hy is ook positief, want SANParks het nie hulle huiswerk behoorlik gedoen toe hulle vir die saak voorberei het nie.



Langebaan Vissers bespreek hulle hofsaak vroeër vanjaar

"Byna die hele hofgalery het bestaan uit vissers van Langebaan. Daar was vissermanne, vroue en jongmense in die hof teenwoordig," het Dowries gesê.

Op die oomblik is die saak uitgestel, en die Langebaan-gemeenskap wag vir 'n volgende hofdatum wanneer die regter sy uitspraak sal lewer.

vervolg vanaf bladsy 1

Visvangtoekennings moet opgeskort word!

Dit verskaf die raamwerk vir die implementering van die kleinskaalvisvangbeleid (SSF) en maak die water naby die kus, waar netvisvangs plaasvind, 'n voorkeursone vir kleinskaalvissers.

En tog is al die hulpbronne aan die kommersiële sektor toegeken, wat 'n skending van die beleid is.

In 'n brief aan *The Cape Times* in Augustus het die Direkteur van Masifundise Development Trust (MDT), Naseegh Jaffer, gesê dat daar in die 2013 FRAP 'n mate van vordering was in die wyse waarop toekennings gemaak is.

"Baie voorheen-begunstigdes is egter hof toe om appèl aan te teken, en daar was 'n bevel ten gunste van 'n skikkingsproses. Die Minister het in Mei vanjaar die uitkoms aangekondig, en dit is 'n totale benadeling van die kleinskaalsektor," het hy gesê.

"Kleinskaalvissers, diegene wat dit die nodigste het, word hoofsaaklik uitgesluit. Dit was altyd ons standpunt dat die voordele die vissers wat in die grootste nood vekeer moet toeval, en nie reeds bemagtigde persone nie."

Hy het gesê dat die toekennings "wat tans gemaak word 'n algehele ondermyning is van die vordering wat gemaak is met die aanvaarding van die

beleid en die vordering wat met die implementeringsproses onderweg is".

Die 2005 lynvystoekening het ongeveer 30 000 kleinskaalvissers uitgesluit en is deur 'n geregshof (die Gelykheidshof – 2007) verklaar as onregverdig en diskriminerend.

Aan kleinskaalvissers moet 'n vismandjie in voorkeurvisvangsones toegeken word sodat hulle kos op die tafel kan hê en 'n volhoubare bestaan kan maak.

Christian Adams, nasionale sekretaris van CLSA, het gesê dat net- en lynvis die belangrikste komponente is in die mandjie van kleinskaalvissers in al vier kusprovincies.

"Sonder net- en lynvis sal die mandjie van die kleinskaalvissersgemeenskappe nie veel werd wees nie, want dit is die vernaamste aktiwiteit waarby kleinskaalvissers betrokke is," het Adams gesê.

Sou die kleinskaalsektor ook behoorlike toegang tot kreef (WCRL) verbied word, vernietig dit hulle vermoë om kos op die tafel te sit nog verder.

Verdere besonderhede van die plan van aksie wat oor die komende weke gevolg gaan word, sal gekommunikeer word aan die 4 000 Coastal Links-lede wat in meer as 100 vissersgemeenskappe aan die kus leef en werk.

Nasionale Werkswinkel sit stryd voort

MASIFUNDISE Ontwikkelingstrust (*Masifundise Development Trust; MDT*) en Coastal Links Suid-Afrika (CLSA) het van Maandag 26 September tot Vrydag 30 September 'n Nasionale Werkswinkel gehou om die implementering van die Nasionale Strategiese Plan wat in Mei 2016 by die vorige AGM van MDT en CLSA aanvaar is, te evalueer en te assesseer.

Die werkswinkel is bygewoon deur ongeveer 70 afgevaardigdes uit elke provinsie en die Nasionale Uitvoerende Komitee (*National Executive Committee; NEC*) van CLSA, asook raadslede van MDT, en MDT-personeellede.

“Die voorsitter van al die Provinsiale Uitvoerende Komitees (*Provincial Executive Committees; PEC*) is lede van die NEC, en het dus ook die Nasionale Werkswinkel bygewoon,” het Sithembiso Gwaza van MDT gesê.

Die Nasionale Werkswinkel het hoofsaaklik die werk en strategiese plan in die afgelope

paar maande geëvalueer en geassesseer, en 'n pad vorentoe vir die periode wat strek tot die begin van volgende jaar, aangedui.

“Die werkswinkel het gekyk na kwessies wat kleinskaalvissers affekteer, soos die implementering van die Kleinskaalvisvangbeleid (*Small-Scale Fisheries Policy; SSFP*) en die toewysing van visvangregte soos vir kreef-, net- en lynvangste,” het Gwaza gesê.

Gedurende dieselfde tyd het CLSA ook sy NEC-vergadering, en MDT 'n Bestuursvergadering gehou.

“Die bespreking wat plaasgevind het by die Nasionale Werkswinkel het 'n groot invloed gehad op wat later by die CLSA NEC-vergadering en die MDT-bestuursvergadering bespreek is, hoewel hierdie twee vergaderings elk hul eie agendas gehad het.”

“Kort na die nasionale werkswinkel sal provinsiale werkswinkels in die vier kusprovinsies gehou word,” het Gwaza afgesluit.

CLSA OP DATUM

Coastal Links gereed vir kleinskaalvisvangbeleid

DIE Provinsiale Uitvoerende Komitees (*Provincial Executive Committees; PEC*) van Coastal Links Suid-Afrika (CLSA) rapporteer dat vissersgemeenskappe hoofsaaklik wag dat DAFF die resultate van die registrasie en verifikasie van vissers moet bevestig.

CLSA is 'n nasionale visvangorganisasie wat ongeveer 4 000 vissers in meer as 90 kusgemeenskappe in die vier kusprovinsies van Suid-Afrika verteenwoordig.

Sedert April was die meeste CLSA-takke besig met die registrasie en verifikasie van kleinskaalvissers. Wat volg, is 'n provinsiale opsomming van CLSA-aktiwiteite.

Oos-Kaap (OK)

Harvey Ntshoko, CLSA-voorsitter in die Oos-Kaap, sê dat die OK registrasie- en verifikasieproses in Junie voltooi het, en toe aangesê is om te wag totdat die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DAFF) die lys van kwalifiserende vissers publiseer.

Ntshoko het gesê dat CLSA in die OK ook die regering rondom die 1 km watermerk, wat hulle verbied om op sekere plekke vis te vang, betrek het.

Noord-Kaap (NK)

Christiaan Mackenzie van Port Nolloth rapporteer dat die vissers van Port Nolloth op Fokus verskyn het, waar hulle die kwessies rondom mynbou, wat hulle vis verjaag, en die verifikasieproses geopper het.

Hulle beplan ook om die bote wat deur DAFF aan hulle gegee is, te herregistreer.

Wes-Kaap

Norton Dowries, visevoorsitter van CLSA in die Wes-Kaap, sê dat, sover dit die kleinskaalvisvangbeleid betref, hulle steeds onseker is.

“Ons is nie seker of die SSFP geïmplementeer sal word en of daar wel 'n Interim Relief 11 sal wees nie, en wat daarby ingesluit sal wees nie,” het Dowries gesê.

Op die oomblik wag vissers in die Wes-Kaap steeds vir DAFF om terug te kom na hulle oor die lyste van mense wat as bona-fide kleinskaalvissers gekwalifiseer het.

KwaZulu Natal (KZN)

KwaZulu Natal wag ook vir DAFF nadat hulle die verifikasie- en registrasieproses in Augustus voltooi het.

Lindani Ngubane, Masifundise se veldwerker in KZN, het gesê dat die gemeenskap van Enkokukeni in die iSimangaliso Moeraslandpark onlangs bote by die Departement van Vervoer en die Suid-Afrikaanse Mariene Veiligheidsowerheid (*SAMSA*) gekry het om hulle toe te laat om die rivier oor te steek. Die iSimangaliso Moeraslandpark het onlangs sy Geïntegreerde Bestuursplan gepubliseer, en die vissersgemeenskappe het 'n brief geskryf om sodanige planne teen te staan.

WFFP verenig vissers in die wêreldwyestryd om menseregte

NET soos in Suid-Afrika, staar kleinskaalse visvang gemeenskappe regoor die wêreld moeilike tye in die gesig.

Groot besighede en regerings wat beleide najaag wat fokus op die winsmaksimering en privatisering van vis- en kushulpbronne bly 'n bedreiging vir die voortbestaan van vissers regoor die wêreld, en internasionale handels- en beleggingssooreenkomste maak dit moontlik vir buitelandse mynmaatskappye, korporatiewe visvangmaatskappye en ander korporatiewe om die natuurlike hulpbronne wat reg tens aan die vissers behoort, oor te neem..

Oor die afgelope ses maande het WFFP positiewe en groeiende belangstelling gesien by wêreldwye vissersbewegings wat wil aansluit, een van hulle is COPETANG, van die Tanganjikameer in die Demokratiese Republiek van die Kongo.

'n Belangrike vooruitgang vir vissers was die implementering van die Internasionale Riglyne oor die Verkryging van Volhoubare Kleinskaalvisserie (*International Guidelines on Securing Sustainable Small-scale Fisheries; SSF Guidelines*). Dit is hoekom die Wêreldforum van Vissers (*World Forum of Fisher Peoples; WFFP*) besig is om sy internasionale stryd te verskerp en solidariteit tussen grondvlak-bewegings globaal aan te moedig.

Hierdie riglyne is in 2014 bekragtig deur die United Nations (UN) Committee on Fisheries (COFI). COFI vergader elke tweede jaar, en WFFP was in Julie goed verteenwoordig in Rome.

Naseegh Jaffer, direkteur van Masifundise, het gesê dat Coastal Links SA 'n sleutelrol by die vergadering gespeel het, en bygedra het om te verseker dat die staatsverteenvoerders by COFI 'n voorstel aanvaar het wat ontwikkel is deur WFFP tesame met die Voedsel- en Landbou-organisasie (FAO) en ander sleutelvennote.

“As deel van WFFP het ons met die FAO saamgewerk aan die ontwikkeling van wat bekend staan as die Globale Strategiese Raamwerk (*Global Strategic Framework*) vir die implementering van die SSF-riglyne, en hierdie raamwerk is by die amptelike COFI-vergadering ter tafel gelê,” aldus Jaffer. Jaffer het voorts verklaar dat die Globale Strategiese Raamwerk die oorkoepelende raamwerk daarstel vir die ontwikkeling van 'n gedetailleerde implementeringsplan van die SSF-riglyne.

Die WFFP het meer as 40 affiliate wat oor talle lande en kontinente heen versprei is. Masifundise vul tans die sekretariaats posisie in hierdie wêreldliggaam.

Hoop vir koöperatiewe om beter te vaar onder kleinskaalvisvangbeleid

AS deel van die implementering van die kleinskaalvisvangbeleid (SSFP), stel die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DAFF) voor dat vissersgemeenskappe koöperatiewe stig waardeur hulle toegang tot hulle visvangregte moet kry.

‘n Paar jaar gelede het sommige gemeenskappe begin om koöperatiewe te vorm, wat DAFF later gesê het hulle nie gaan erken nie, en dat slegs DAFF-gestigte koöperatiewe onder die SSFP geakkrediteer sal word.

Sommige is gestig deur die Departement van Handel en Nywerheid (DTI), en ander is gehelp deur plaaslike munisipaliteite van die Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling (LED).

Buffelsjagbaai-vissers het drie koöperatiewe gestig wat goed doen, maar wat opgehou het om te funksioneer ná DAFF se aankondiging.

Sarah Niemand, voorsitter van Coastal Links SA in Buffelsjagbaai, het gesê: “Ons het onlangs ons koöperatiewe gereaktiveer. Al drie is betrokke by visvang, landskappering, waterkultuur, marienekultuur en kuns en handwerk.”



Sarah Niemand

Die munisipaliteit se LED-departement

het hulle deur opleiding geneem, gereël dat die Departement van Grondsake en Landelike Ontwikkeling (*Dept of Land Affairs and Rural Development*) bevondsing vir een van hulle verskaf, en een koöperatief gehelp om met ‘n plaaslike juweliersmaatskappy in vennootskap te gaan.

Niemand is opgewonde oor die moontlikhede wat vir hulle koöperatiewe bestaan.

In Doornbaai en omliggende gemeenskappe is tien koöperatiewe deur die DTI gevorm, en is daar tien klein bote gekoop vir 110 vissers wat almal op Interim Relief is.

Pedros Domberg, sekretaris van CLSA in Doornbaai en voorsitter van Bokstancy



Pedros Domberg

Koöperatief, is nie gelukkig daarvoor dat elke individuele IR-permithouer sy vis as ‘n individu verkoop en slegs die hulpbronne van die koöperatiewe gebruik om hulle vis te vang, maar niks weer in die koöperatiewe terugploeg nie. Dit, reken hy, is ‘n probleem met hulle koöperatiewe, wat hy hoop die SSFP sal kan oplos.



Doornbaai visser een van die eerste gemeenskappe wat koöperatiewe begin het, met gemengde sukses

In 2012 in Elandsbaai het die DTI ook bote vir ses koöperatiewe gekoop.

Terselfdertyd het David Shoshola, ‘n Tussentydse Verligting (IR) regtehouer, en vyf ander, die Coastal Fellas Fishing Koöperatief gevorm. Behalwe vir enkele negatiewe dinge, voel hy dat daar hoop vir die toekoms is.



David Shoshola

In Coastal Fellas het Shoshola reg van die begin af gesê dat hulle die reëls vir die koöperatief maak. “Ons het besluit dat ons vir onself gaan werk, en nie onself aan bemarkers gaan verbind nie.”

“Toe ons ons bote gekry het, het ons besluit dat elke lid die vangskostes sal betaal asof hulle op iemand anders se boot werk, en daardie geld het ons direk in die rekening van Coastal Fellas inbetaal.” In een seisoen het Coastal Fellas goeie besigheid gedoen, ‘n voertuig gekoop, en vir die toekoms begin spaar.

“Alles is nie gesond met die koöperatiewe nie, baie is aan bemarkers verbind, en sommige van die bote het wit olifante geword,” het Shoshola afgesluit.

Die meeste van die CLSA-lede in koöperatiewe is dit eens dat hulle nie sterk is nie, en dat slegs enkele suksesvol is, maar baie voel dat dit beter sal word sodra die visvangregte geplaas word in die hande van die koöperatiewe onder die SSFP en nie by individuele vissers nie.

SSF-BELEID

Kleinskaalvisvangbeleid vasgeval ná registrasie- en verifikasieproses

OP 26 FEBRUARIE het President Jacob Zuma die wysiging aan die MLRA-wet geteken, en deur dit te doen, die proklamasie om die kleinskaalvisvangbeleid (SSFP) te implementeer.

Hierna het die Departement Landbou, Bosbou en Visserye (DAFF) vinnig beweeg met die registrasie en verifikasie van kleinskaalvissers.

Aanvanklik het die registrasie in die Wes-Kaap, Oos-Kaap en Noord-Kaap afgeskop, maar probleme opgetel in KwaZulu Natal (KZN), toe vissers in sommige gemeenskappe beswaar gemaak het teen die diensverskaffer wat deur DAFF aangestel is.

Vissers in Mthwalume in KZN het beswaar gemaak teen die diensverskaffer wat deur DAFF aangestel is.

CLSA en Masifundise het vinnig opgetree, omdat hulle besef het dat dit kan lei tot ‘n verdere vertraging in die implementering van die SSFP. Saam met DAFF het hulle in Junie ‘n vergadering belê tussen die Mthwalume-gemeenskap en Amagagasontshintsho, die diensverskaffer, waar die probleem opgelos is.

Die verifikasie- en registrasieproses het in Augustus tot ‘n einde gekom, en DAFF sal nou ‘n lys van geverifieerde kleinskaalvissers publiseer.

Wanneer die lys gepubliseer word, sal diegene wat geregistreer het en nie op die lys verskyn nie, binne 30 dae kan appelleer.

Ná drie jaar sal nuwe mense deur ‘n verifikasieproses geneem word om te sien of hulle voldoen aan die kriteria om as kleinskaalvissers beskou te word.



reeds hul eie informele visvangbedryf in plek het, deur 'n viskraal –'n eeu-oue visvang-metode wat deur hulle voorgeslagte, die Khoi en die San gebruik is – te gebruik.

Masifundise is betrokke by die EFMP op uitnodiging van die Plaaslike Visvangprojek van Rhodes Universiteit, wat gekontrakteer is deur die Noord-Kaapse Regering, Departement van Landbou, Grondhervorming en Plaaslike Ontwikkeling.

“Masifundise se rol is om te help met die bou van kapasiteit van die leierskap van die drie gemeenskappe wat langs die Vanderkloofdam woon,” het Michelle Joshua van Masifundise gesê.

Hieronder is van die vordering wat vissers oor die afgelope paar maande gemaak het:

In Februarie was die vissers suksesvol deur die howe sover te kry om die sake uit te gooi van vissers wat beboet is vir onwettige visvangs en oortreding, nadat hulle voorleggings aan die howe gemaak en verduidelik het dat die vissers net visvang om 'n bestaan te maak. Dit het 'n einde gebring aan die teistering waaronder vissers aan die hand van die polisie en die amptenare van die Vanderkloofdam gely het.

Kort daarna het DWS in beginsel ooreengekom dat die vissers wel by die dam mag visvang en ook vis uit die krale en uit Kraal 1 mag oes. Vissers is op uitgebreide veiligheidsprotol werksinkels geneem.

DWS het ook besluit dat die vissers sleutels tot die dam sou kry sodat hulle toegang tot Krale kan kry, en so is 'n einde gemaak aan die vernedering van vissers wat deur gate in die heining moes kruip

. “Die sleutels is nog nie aan die vissers oorhandig nie, want die leierskap van die vissers moet 'n vrywaringsvorm met die DWS teken, wat nog nie gedoen is nie,” het Raphael Benadie voorsitter van Keurtjieskloof Vissersgemeenskap gesê.

DWS het ook ingestem dat die ligte by die Kraal herstel moet word sodat vissers snags kon sien. Dit is ook nog nie geïmplementeer nie.

Op 18 Augustus is die Kraalvisserij amptelik deur die DWS erken, en is ID-toegangskarte aan die vissers uitgereik. “Dit was 'n historiese oomblik vir die vissers, en hulle was baie opgewonde daaroor. Die ID kaarte gee hulle nou toegang tot Kraal 1, binne die sekuriteitsone in die Vanderkloofdam,” het Michelle Joshua gesê.

Die vissers het visvang organisasies en 'n koördinerende komitee vir hulle gemeenskap gevorm, en in Mei besluit om by Coastal Links SA (CLSA) aan te sluit. Teen Augustus het 109 lede reeds aangesluit.

Dit het die weg gebaan vir die uiteindelijke toepassing van die EFMP en vir vissers om vryelik vis te oes vanuit die krale.

Die EFMP word nou uiteindelijke toegepas en agt mense sal in diens geneem word deur die projek, die advertensies vir die poste sal in die drie gemeenskappe waar die projek invloed sal hê geadverteer word. Dit lyk nou tog of, na baie jare se harde werk en die moeilike tye wat die vissersgemeenskappe ervaar het, dinge nou 'n beter wending sal neem.

VANDERKLOOF

Groot vordering vir Vanderkloof-vissers

KLEINSKAAL-vissers by Vanderkloofdam in die Noord-Kaap en Vrystaat het oor die afgelope paar maande sedert Masifundise Ontwikkelingstrust in 2015 aan die Eksperimentele Visvangprojek (*Experimental Fisheries Management Project; EFMP*) by die dam begin werk het, groot vordering gemaak.

Die EFMP is 'n eksperimentele projek wat

oor twee jaar sal loop, en wat daarop gemik is om die voedselonsekerheid wat die gemeenskappe van Keurtjieskloof, Phillipstown en Petrusville ervaar, te verlig, en om 'n kleinskaalsevisserie daar te stel.

Deur die projek is daar ontdek dat die drie gemeenskappe en die gemeenskap van Luckhoff in die Vrystaat vir baie dekades

Binnelandse Visvangbeleid

DAFF is besig om 'n visvangbeleid vir die binneland te ontwikkel wat heeltemal los staan van die Program oor Waterkultuur wat ook tans deur DAFF ontwikkel word.

Palesa Mokomele, Direkteur van Kommunikasie: Visserybestuur by DAFF, het gesê die departement het in 2015 konsultante aangestel om te kyk na die ontwikkeling van die beleid, wat sal insluit bestaansvisvangs, kleinskaalvisvangs, visvang vir ontspanning en kommersiële visvangs vir gebruikers.

“Ja, ons is tans besig om die Nasionale Binnelandse Visvangbeleid vir Suid-Afrika te ontwikkel,” het sy gesê.

“Die beleid is vir die hele binnelandse Visvangsektor, en sluit kleinskaalvissers in.

“Die ontwikkeling van die beleid is nog in 'n vroeë stadium.

“Daar sal egter 'n omvattende openbare deelname wees aan die ontwikkeling van hierdie beleid, soos met enige normale proses van beleidsontwikkeling.”

Alle soorte visvangmetodes wat tans op binnelandse riviere en mere aangetref word, sal erkenning kry, insluitend kraalvangs, netvangs, lynvangs, betrapping en nuwe tegnologie.

Die beleid sal hom hoofsaaklik toespits op varswater visvangs wat op mere, riviere, damme en ander waterliggame in die binneland plaasvind.

Riviere en strome naby die kus word beskou as riviermondings, en vissers wat in hierdie plekke visvang, is deel van die mariene visvangbedryf.

Mokomele het aangedui dat daar ooreenkomste sal wees met die kleinskaalvisvangbeleid (SSFP) weens die feit dat die kleinskaalvisbedryf 'n komponent is wat in beide die mariene en binnelandse visbedryf aangetref word.

Sy het aangedui dat wat binnelandse vissersgemeenskappe sal ver wag van die binnelandse visvangbeleid nog steeds deur konsultasieprosesse met vissersgemeenskappe uitgedra moet word.

“Hierdie beleid is in die vroeë stadiums van ontwikkeling. Dit is tans nog te vroeg om 'n definitiewe implementeringsdatum te gee.

“Die eerste konsep van die beleid gaan nog deur interne prosesse.

“Dit is dus nie moontlik om presiese tydsraamwerke te verskaf van wanneer dit gepubliseer sal word nie.”

SKOOL VAN VISSERS



Vol 16 No.3
By Brandan Reynolds

Rasta, Thozama en Edgar sit ná 'n lang dag op die stoep. Edgar en Rasta is pas terug van die see en Thozama maak die vis skoon terwyl Rasta 'n vuurtjie aansteek.

Ek het gehoor dis nogal 'n moeilike proses om deur te gaan, maar DAFF sal die opleiding van die Koöps makliker maak. Weet jy wat ons sal moet doen?

Ek is nie seker nie, maar ek het gehoor ons moet eers as 'n gemeenskap bymekaar kom en besluit watter regsenteit vir ons die beste is. Onthou, die Kleinskaalvisvangbeleid dwing ons nie om koöperatiewe te vorm nie.

Ek is bly die registrasieproses is verby en die meeste bona fide vissers is geregistreer. Ons moet nou begin om ons eie gemeenskaps-koöperatiewe te vorm.



Dis waar, Edgar, al dring DAFF daarop aan dat ons koöps moet vorm. Ons sal maar moet weet hoe om dit te doen.

Ek hoop ook so. Ek het gehoor daar is 'n paar stappe waardeur ons sal moet gaan voordat ons kan begin werk. Soos om ons doelwitte en wat ons nodig het, te identifiseer, bv. finansiële hulpbron-materiale, die kies van 'n loodskomitee, en 'n grondwet.

Ons sal dan seker ook die komiteede moet kies, registrasievorms moet invul en hulle stuur vir die registrateur van koöperatiewe sodat ons wetlike status as 'n visvangkoöperatief kan kry.



Ja, dis soos dit sal wees. Ons moet 'n sertifikaat van registrasie en geregistreerde grondwet hê voordat ons aan die werk kan spring.

Ja, en dan kan ons uiteindelik deur DAFF aansoek doen om kleinskaalvisvangsregte deur 'n fooi te betaal.

Oukei, ek is bly dat daar ten minste iemand in die gemeenskap is wat weet wat aangaan, want ons sal hulp met hierdie proses nodig hê.



Colchester, 'n vissersgemeenskap op die walle van die Sondagsrivier

COLCHESTER, op die walle van die Sondagsrivier en net 20 minute se ry van die kus van Port Elizabeth af, lê in 'n deel van die land wat nog grootliks ongerep is, omring deur sandduine wat ongeveer 100 000 jaar terugdateer.

Volgens SA se toerisme-webtuiste is Colchester 'n dorpie wat vernoem is na die oudste dorp in die Verenigde Koninkryk. Dit is vermoedelik 'n eeu gelede gebou om met Port Elizabeth as hawe mee te ding.

Omring deur natuurlike habitat, grootliks onontwikkel, het Colchester duine wat volgens skatting tussen 6 000 en 10 000 jaar oud is, en rus op gekompakteerde duine wat vermoedelik so oud soos 100 000 jaar kan wees.

Die duine wemel van die wild – bosbokke, grysbokke, bosvarke en kleiner diere soos muise, meerkatte en muishonde.

Die Colchester-soutpanne is die tuiste van die grootvlaminke en kleinvlaminke, Afrika gespikkelde bontelsie, die bloukraanvoël en 'n aantal ander waadvoëls.

Colchester het ongeveer 200 Coastal Links Suid-Afrika (CLSA) lede wat 'n lewe maak van visvangs in varswater en seewater. Hulle vang onder andere tiervis, harders, springers en steenbras. Hulle vang tans vis met bestaanspermitte wat hulle by die plaaslike poskantoor kry.

Die vissers bestaan uit mans en vroue wat die Sondagsrivier gebruik om hulle volgende inkomste te vang. Die Colchester-gemeenskap het in 2011 lede van die CLSA-gemeenskap geword.

"Hier in Colchester deel ons die see en rivier met beide ontspannings- en bestaansvissers," het Naomi Pullen, 'n CLSA-lid uit die gemeenskap, gesê. "Ons is 'n baie vreedsame gemeenskap met beide swart en wit vissers en ons vang die hele jaar deur."

Volgens Pullen is die dorp 'n pragtige plek, en gelukkig word hulle visvangaktiwiteite nie deur die toerisme-aktiwiteite beperk nie.

"Al kom daar hoeveel mense die plek besoek, of dit nou is vir die Olifantpark of riviertoere, ons sal bly visvang solank ons 'n permit het."

Pullen het in 2011 by CLSA aangesluit toe Masifundise 'n Nasionale Voetspoor-program van stapel gestuur het. Die verhaal van die Sondagsrivier in die Oos-Kaap is 'n storie van twee riviere. Die eerste deel is waar die Sondagsrivier (moontlik vernoem na 'n vroeë setlaar-egpaar genaamd Sontag) opstyg in die majestueuse Sneeuberge naby Graaff-Reinet in die Karoo.

Dit word gevoed deur sporadiese – maar dramatiese – Karoo-donderstorms soos dit vloei deur 'n halfwoestyn-landskap na die suidooste.

Die tweede deel van die storie is waar dit vloei – gestut deur die waters van die Groot Visrivier – van die Darlingtandam tot by die kUSDorpie Colchester, waar dit die Indiese Oseaan ontmoet.

FEITE EN SYFERS

Vissers

Daar is nou meer vissers as ooit tevore – die aantal mense wat visvang en wêreldwyd waterkultuur beoefen, het sedert 1970 verdubbel. Meer as 21 miljoen is voltydse vissers, en 200 miljoen is van die visvangs afhanklik vir hulle bestaan. Asië, wat in die 1980's die basis vir die visbedryf geword het, het die groot meerderheid van die wêreld se vissers.

Gevaarlike werk

24,000 mense wat by visvang, visboerdery en visprosessering betrokke is, sterf elke jaar by die werk.

In die VSA is die sterftesyfer vir die visbedryf 16 maal hoër as vir brandbestryding of polisie-werk, en 40 maal die nasionale gemiddelde.

In Guinee, wat ongeveer 7,000 ambagsman-vissers het, sterf 1 uit elke 200 in 'n kano.

Regerings

Regerings is sleutelrolspelers in die visbedryf. Hulle hou 'n nuwingsgewende en nievolhoubare besigheid in stand deur grootskaalse vissersvlote te subsidieer.

Opgeblase bote-befondsing van vissers vlote

Die wêreld se visbedryf spandeer jaarliks \$124 biljoen om \$70 biljoen se vis te produseer – die verskil (\$54 biljoen) word in subsidies betaal.

Vir elke dollar wat in die laat 1980's uit visvangs verdien is, het regerings, belastingbetalers en vissers \$1.77 spandeer.

Van die 3.5 miljoen vissersbote wat in diens is, is 35 000 regeringsgesubsidieerde bote wat die helfte van die wêreld se visvangkapasiteit uitmaak.

Korporasies

Sommige van die mees winsgewende internasionale maatskappye is eintlik gewone vishandelaars. Hoewel al hierdie korporasies 'n wye verskeidenheid van goedere produseer, is die miljoene wat hulle gemaak het met hulle verkope van seekos aan die wêreld se grootste verbruikers – Japan en die VSA – 'n belangrike deel van hulle sukses.

Uit die *New Internationalist*: <https://newint.org/features/2000/07/05/facts/>

Gepubliseer deur: **Coastal Links en Masifundise Development Trust**

1 Station Straat, Mowbray, Kaapstad 7700

E-pos: info@masifundise.org.za • Tel: 021 685 4549 • Faks: 021 685 3816



This project is funded by the European Union



This project is implemented by Masifundise.

The views expressed in this publication do not necessarily reflect the views of the European Commission.